Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## DANSSTUDIES

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met AGT vrae in totaal.

2. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (60 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 1.2 en VRAAG 1.3. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID (90 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5.3 en VRAAG 5.4. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat gevra word.

5. Lees die AKSIEWERKWOORD aan die begin van elke vraag om te sien wat vereis word.

   AKSIEWERKWOORDE WAT IN DIE VRAE GEBRUIK IS:
   LAEVLAK-VRAE: identifiseer, dui aan, definieer, maak 'n lys van, gee, skryf, kies, beskryf
   MEDIUMVLAK-VRAE: staaf, verduidelik, brei uit, bespreek
   HOËVLAK-VRAE: identifiseer, motiveer, bespreek, evalueer, ontwikkel, gee opinies, analiseer, motiveer, ontwerp

6. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

7. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat wat in sekere vrae vereis word, te gebruik
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: BESERINGS

1.1 Verwys na die visuele beeld hieronder en verduidelik VIER redes waarom dit NIE veilig is om in hierdie ruimte te dans NIE.




[Bron: https://za.pinterest.com/pin/469711436143529936/] (4)

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 1.2 en VRAAG 1.3.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

1.2 1.2.1 Definieer *skeenbeensplinters*. (1)

1.2.2 Verduidelik hoe swak onderrig skeenbeensplinters kan veroorsaak. (3)

1.2.3 Bespreek die onmiddellike behandeling vir skeenbeensplinters. (4)

1.2.4 Identifiseer DRIE oefeninge/aktiwiteite wat 'n danser kan doen om fiksheid tydens die herstel van skeenbeensplinters te behou. (3)

**OF**

1.3 1.3.1 Definieer *tendonitis*. (1)

1.3.2 Verduidelik hoe swak tegniek tendonitis kan veroorsaak. (3)

1.3.3 Bespreek die onmiddellike behandeling vir tendonitis. (4)

1.3.4 Identifiseer DRIE uitdagings waarvoor 'n danser te staan kan kom wanneer hy/sy ná die herstel van tendonitis na die dansklas terugkeer. (3)
**[15]** 2024

## VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

2.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die komponent van fiksheid langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Die bewegingsomvang om 'n gewrig verwys na … (1)

2.1.2 … is die vermoë om swaartekrag te weerstaan en 'n posisie te behou. (1)

2.1.3 Postuur en belyning vereis goeie ... (1)

2.1.4 Vloeiendheid, koördinasie en ruimtelike bewustheid is voorbeelde van ... (1)

2.1.5 'n Danser benodig ... om vir lang periodes te kan optree. (1)

2.2 Goed ontwikkelde komponente van fiksheid help dansers om aan die fisieke vereistes van dansoefening en -opvoering/optrede te voldoen.

2.2.1 Verduidelik hoe soepelheid tot 'n goeie dansopvoering bydra. Staaf jou antwoord. (3)

2.2.2 Beskryf EEN dinamiese en EEN statiese strekoefening wat soepelheid kan ontwikkel. (2 x 2) (4)

2.2.3 Bespreek die belangrikheid daarvan om 'n balans te hê tussen soepelheid en krag-oefeninge om danstegniek te verbeter. Staaf met voorbeelde. (5)

2.2.4 Verduidelik hoe kernstabiliteit tot ratsheid in 'n danser se opvoering bydra. (3)

**[20]**

## VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG

Jou skool gaan 'n projek bekendstel wat geestesgesondheidkwessies aanpak. Ter ondersteuning van hierdie projek het jy aangebied om 'n ontspanningsklas gedurende pouse aan te bied, wat vir alle leerders oop sal wees.

Ontwerp 'n strooibiljet om jou klas te adverteer, wat die volgende inligting insluit:

- Ontspanningstegnieke wat aangebied word
- Fisieke en geestesvoordele van 'n ontspanningsklas (7)

**LET WEL:** DRIE punte sal vir ontwerp en uitleg toegeken word.
Jy hoef nie kleur in jou ontwerp te gebruik nie. (3)

**[10]**

## VRAAG 4: DANSOPVOERING

4.1 Verduidelik hoe die volgende help om dansbewegings uit te voer:

4.1.1 Gebruik van die kop (2)

4.1.2 Gebruik van die arms (2)

4.2 4.2.1 Verduidelik hoe 'n gebrek aan musikaliteit 'n dansopvoering beïnvloed. (3)

4.2.2 Bespreek hoe 'n danser musikaliteit kan ontwikkel. (3)

4.3 Verwys na die aanhaling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.




[Bron: https://www.ririewoodbury.com/images/pdfsdoc/BST_Teacher_Guide__1_Body_as_an_instrument.pdf]

Evalueer hoe dans mense in staat stel om hulle liggame as 'n instrument van uitdrukking te gebruik. Staaf jou antwoord met voorbeelde. (5)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

### VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

5.1 Kies EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| gebare; verhalende choreografie; stimulus;<br>multidissiplinêr; dansfusie/-samesmelting |

5.1.1 'n Dans wat 'n storie vertel (1)

5.1.2 'n Bron van inspirasie vir bewegings (1)

5.1.3 Meer as een kunsvorm wat in 'n danswerk gebruik word (1)

5.1.4 Alledaagse bewegings wat 'n idee uitbeeld (1)

5.1.5 Om verskillende dansstyle/-genres te kombineer (1)

5.2 5.2.1 Definieer *improvisasie*. (1)

5.2.2 Maak 'n lys van VIER vaardighede en/of waardes wat jy deur improvisasie ontwikkel het. (4)

5.2.3 Verduidelik hoe die vaardighede en/of waardes wat in VRAAG 5.2.2 gelys is, jou kan bevoordeel in jou:

- Toekomstige loopbaan
- Persoonlike lewe
- Rol in die samelewing (8)

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5.3 en VRAAG 5.4.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

5.3 Verwys na die foto hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



[Bron: https://pin.it/4LYEXsZ]

Beskryf hoe jy die bewegings in die foto hierbo kan manipuleer deur danselemente en/of choreografiese strukture te gebruik. (7)

**OF**

5.4 Verwys na die foto hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



[Bron: https://ariellebobbwillis.com/woohahaomg]

Beskryf hoe jy die beweging in die foto hierbo kan manipuleer deur danselemente en/of choreografiese strukture te gebruik. (7)
**[25]**

**VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID**

6.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 Teaterdansvorms word slegs op prosceniumboog-verhoë opgevoer. (1)

6.1.2 Beligting, klank en spesiale effekte is tipiese kenmerke van nie-konvensionele dansruimtes. (1)

6.1.3 Sosiale dans sluit almal in. (1)

6.1.4 Openbare areas is voorbeelde van terreinspesifieke dansruimtes. (1)

6.1.5 Genesing is 'n funksie van kulturele dans. (1)

6.2 Bespreek die waarde daarvan om oor Suid-Afrikaanse inheemse danse te leer. (5)

6.3 Skryf 'n opstel oor jou hoofdansvorm wat die oorsprong daarvan, hoe dit ontwikkel het en wat dit in die toekoms kan wees, ondersoek.

Noem jou hoofdansvorm.

Gebruik die opskrif hieronder as die titel van jou opstel.

**DESTYDS, NOU EN IN DIE TOEKOMS …** (15)
**[25]**

**VRAAG 7: DANSWERK**

Kies EEN danswerk wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| George Balanchine | *Apollo* |
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Martha Graham | *Lamentation* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |
| Alfred Hinkel | *Bolero* **OF** *Cargo* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons* **OF** *Skeleton Dry* |

7.1 Noem die danswerk wat jy gekies het.

7.1.1 Gee 'n sinopsis van die danswerk. (4)

7.1.2 Bespreek die rol van kleur in die kostuums wat deurgaans in die danswerk gebruik word. (4)

7.1.3 Bespreek of die musiek en/of begeleiding 'n invloed op die danswerk gehad het, of nie. Staaf jou antwoord. (3)

7.1.4 Verduidelik hoe die choreograaf die tema deur beligting, stelontwerp en/of rekwisiete in die danswerk oorgedra het. Gee gedetailleerde voorbeelde om jou antwoord te ondersteun. (8)

7.2 Hoe het hierdie danswerk, na jou mening, 'n invloed op jou as 'n Dansstudies-leerder gehad? Motiveer jou antwoord met voorbeelde. (6)
**[25]**

**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

Kies EEN choreograaf wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | Alvin Ailey |
| Gregory Maqoma | Christopher Bruce |
| Hazel Acosta | George Balanchine |
| Mavis Becker | Martha Graham |
| Sylvia Glasser | |
| Veronica Paeper | |
| Vincent Mantsoe | |

Jou provinsie gaan 'n dansfees aanbied, wat een van die choreograwe in die voorgeskrewe lys hierbo op die voorgrond gaan bring. Jy is gevra om die choreograaf aan die gehoor bekend te stel voordat die choreograaf se werk opgevoer word.

Skryf 'n toespraak en sluit die volgende in:

'n Inleiding oor die choreograaf:

- Agtergrond
- Opleiding en dansloopbaan
- Bydrae tot dans in die samelewing

Hoe die choreograaf se choreografiese styl en/of danswerk beïnvloed is deur:

- Sosiale/Maatskaplike en/of politieke konteks
- Persoonlike invloede en/of medewerkings **[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**